

GOD IS – DAAROM BID ONS

Jeremia 29:12-13 & Handeling 17:24-28

VERWELKOMING VAN DIE GROEP

Deel met mekaar 'n hoogtepunt in elkeen se lewe die afgelope week.

VERDIEP IN JUL VERHOUDING

Doen 'n rondte van die groep en laat elkeen deel hoe dit met hulle gaan.

VIER JULLE SAAMWEES

Laat iemand **Handeling 17:24-28** hardop voorlees as herinnering aan God se wysheid, heerlijkheid en almag.

Vra iemand om hardop vir die samesyn van die groep te bid en dat elkeen ontvanklik mag wees om by mekaar te leer.

VERKEN DIE GESPREK

Gee geleentheid dat diegene wat die afgelope week se preek gekyk of geluister het met die groep deel wat vir hulle uitgestaan het.

Gesels lekker saam oor hierdie ysbreker-vraag:

- Wat is vandag of die afgelope week jou **prentjie van God**? Watter eienskappe van God het jy waargeneem?

VERKRY GOD SE PERSPEKTIEF

Laat iemand in die groep **Jeremia 29:12-13** hardop voorlees. Gee 'n paar oomblikke van stilte dat elkeen die Skrifgedeeltes weer vir hulself lees.

VERTEL VIR MEKAAR WAT JULLE OPVAL

Deel met mekaar wat vir julle in die teks uitstaan.

VORM MEKAAR MET JULLE PERSPEKTIEWE

Die Ateners met wie Paulus in **Handelinge 17:27** praat het nie die Here geken nie. Tog sê hy dat – al sou hulle rondtas in die donker op soek na God – hulle Hom wel sou vind.

- **Hoe is die almagtige God te vinde?**
- **Op watter maniere is God openbaar, selfs aan ongelowiges?**

Die HERE se belofte in Jeremia 29:13 dat Sy mense Hom sal vind, word gegee as die uitkoms van heelhartige, volgehoue gebed. In die oorspronklike taal word twee werkwoorde in hierdie vers vir “soek” gebruik wat in Afrikaans vertaal kan word as “soek in aanbidding” en “raadpleeg gereeld.”

- **Watter bemoediging bied dit vir jou dat God wel te vinde is?**
- **Hoe beleef jy in jou persoonlike lewe die “soek in aanbidding” en “gereelde raadpleging” waarvan die profeet praat?**

VERBIND JULLESELF TOT TOEPASSING

Die HERE noem in Jeremia 29:12 drie werkwoorde wat die mens doen. Dit loop uit op die HERE wat na Sy mense luister.

- **Watter verskil is daar vir jou in die onderskeie werkwoorde “aanroep”, “kom” en “bid” ten opsigte van ons verbintenis met God?**

Paulus gebruik ook drie werkwoorde (in Handelinge 17:28) wanneer hy met die Ateners praat oor God se heerskappy:

(liggaamlike) “lewe”, (emosionele) “beweging”/struweling en wil (“bestaan”).

- **Watter daaglikse gewoontes beoefen jy of sal jy wil begin om jou liggaamlike “lewe”, emosionele skommeling en jou wil aan God te onderwerp?** Bv. joernaal-skryf, tyd in die buitelug spandeer, gesprek met ‘n vertroueling.

VERBLY JULLE IN DIE HERE

Sluit saam af met gebed. [Bid vir mekaar]